


SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES



1 JESAJA





TOTAL MEMBER INVOLVEMENT TIME

What is Total Member Involvement?

- ▶ Total Member Involvement (TMI) is a full-scale, world-church evangelistic thrust that involves every member, every church, every administrative entity, every type of public outreach ministry, as well as personal and institutional outreach.
- ▶ It is a calendar-driven, intentional soul-winning plan that discovers the needs of families, friends, and neighbors. Then it shares how God fulfills every need, resulting in church planting and church growth, with a focus on retaining, preaching, sharing, and discipling.

HOW TO IMPLEMENT TMI TIME IN SABBATH SCHOOL

Dedicate the first 15 minutes of each lesson to plan, pray and share:*

- ▶ **TMI IN-REACH:** Plan to visit, pray, care for missing or hurting members, and distribute territory assignments. Pray and discuss ways to minister to the needs of church families, inactive members, youth, women and men, and various ways to get the church family involved.
- ▶ **TMI OUT-REACH:** Pray and discuss ways of reaching your community, city, and world, fulfilling the Gospel Commission by sowing, reaping, and keeping. Involve all ministries in the church as you plan short-term and long-term soul-winning projects. TMI is about intentional acts of kindness. Here are some practical ways to become personally involved: 1. Develop the habit of finding needs in your community. 2. Make plans to address those needs. 3. Pray for the outpouring of the Holy Spirit.
- ▶ **TMI UP-REACH:** Lesson Study. Encourage members to engage in individual Bible study—make study of the Bible in Sabbath School participatory. Study for transformation, not information.

TMI	Time	Explanation
Fellowship Outreach World Mission	15 min.*	Pray, plan, organize for action. Care for missing members. Schedule outreach.
Lesson Study	45 min.*	Involve everyone in the study of the lesson. Ask questions. Highlight key texts.
Lunch		Plan lunch for the class after worship. THEN GO OUT AND REACH SOMEONE!

**Adjust times as necessary.*

Inhoudsopgawe

1	'n Identiteitskrisis – (26 Desember tot 1 Januarie)	6
2	'n Leierskapskrisis – (2 tot 8 Januarie)	14
3	Wanneer jou lewe in duie stort – (9 tot 15 Januarie)	22
4	Die moeisame weg – (16 tot 22 Januarie)	30
5	Vrededevors met inbors – (23 tot 29 Januarie)	38
6	Om God te speel – (30 Januarie tot 5 Februarie)	46
7	Die nederlaag van die Assiriërs – (6 tot 12 Februarie)	54
8	“Troos, troos my volk” – (13 tot 19 Februarie)	62
9	Om te dien en te red – (20 tot 26 Februarie)	70
10	Om die ondenkbare te doen – (27 Februarie tot 5 Maart)	78
11	Strydvoerende Liefde – (6 tot 12 Maart)	86
12	Koning van die volke – (13 tot 19 Maart)	94
13	Herskepping van die aardeplaneet – (20 tot 26 Maart)	102

Redakteurskantoor
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904

Besoek gerus ons webwerf by
<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraers
Deur Roy E. Garne

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder
Wendy Marcum

Illustrasie en Ontwerp
Lars Justinen

©Alle kopieregte 2021 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (Eerste Kwartaal), mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer

of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. “Sewendedag-Adventiste”, “Adventiste” en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, ’n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van ’n wêreldwye evolueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van

die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalings en/of -vertalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die eerste kwartaal 2021 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal: Skrifaaanhalings gemerk NLV is onderskeidelik gemeen uit Die Nuwe Lewende Vertaling ©2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou. Skrifaaanhalings gemerk OAB is onderskeidelik gemeen uit Die Bybel in Afrikaans ©1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. Skrifaaanhalings gemerk NAB is gemeen uit Die Bybel in Afrikaans ©1983, 1992. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vrylik vertaal deur die vertaler. Die vermelde bladynommers stem egter ooreen met dié soos genoem in die Engelse bronteks van die bybellesstudiegids.

“Troos, troos my volk...”



Vandat dit die eerste maal geuiter, is die woorde van die profeet Jesaja in ons geheue ingegrif. ’n Mens kan selfs sê dit is onafskeidbaar deel van ons bestaanswêreld. Sy geskrifte bevat ’n aantal onvergeetlike sinsnedes. Daardie sinsnedes is nie net betekenisryk nie, maar bevat ook ’n magdom beloftes en getuig deurgaans van hoop. Dink net aan “en sy sal hom Immanuel noem” (*Jes. 7:14, NAB*), “Want ’n Kind is vir ons gebore” (*hfst. 9:6, OAB*), “Elke dal moet opgevol en elke berg en heuwel klein gemaak word” (*hfst. 40:4, OAB*), en ook vers 5 in hoofstuk 53: “Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtyghede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (*OAB*).

Sommige woorde is beeldryk. Dit vorm en eggo in ’n mens se gedagte-wêreld. Swak, niksbeduidende woorde lei tot swak en niksbeduidende beelde, terwyl kragtige, treffende en goedgestruktureerde woorde kragtige en treffende beelde oproep, en hard en duidelik in die gedagte-wêreld weerklink. Dit verklaar natuurlik, hoekom die woorde van Jesaja steeds hard en duidelik, en ook klokkhelder, tot die leser spreek – en dit ná 27 eeue!

Neem byvoorbeeld Jesaja se digterlike woorde oor die lydende diensknege (*Jes. 52:13 tot 53:12*), waarin hy sy skrywerslens besonder fyn instel vir ’n hoë-resolusie ‘woordfoto’ van die Messias – wat die leser met ’n skerper beeld as op enige ander plek in die Ou Testament laat. Dié enkele skrifgedeelte uit Jesaja noop ’n mens byna om hom “die evangelie-profeet” te noem.

Dan is daar boonop sy voorspelling aangaande Kores met die uitdruklike verwysing na daardie bybelfiguur – en dit een en ’n halwe eeu voordat daardie Persiese koning Babilon verower het (*hfst. 44:28 tot 45:6*)! Dit is so ongelooflik spesifiek dat sommige bybelkenners groot gedeeltes van dié profetiese werk aan ’n “tweede Jesaja” (wat kwansuis na die “eerste Jesaja” geleef het), toegedig. Dit is natuurlik niks meer as ’n slim verdigsel nie – van mense wat intellektuele oogklappe aan het, van persone wat nie verder as die menslike kan dink nie.

Jesaja is ’n unieke kombinasie van aangrypene beelde, ongeëwenaarde poëtiese ritme en

balans, en dramatiese kontraste amper soos dié in die werke van Beethoven; asook 'n ryke tapisserie van diepsinnige temas wat herhaaldelik voorkom en sodoende 'n gesofistikeerde simfonie van volgehoue verwickeling en ontwikkeling skep – alles dinge wat toon dat Jesaja se profesieë duidelik deur God ingegee is. Dit is 'n waardige letterkundige instrument vir die oordra van verhewe insigte, insigte wat so vër bokant die alledaagse is as wat die hemele van die aarde af is (*lees Jes. 55:9*). Daar is min tekste in die literatuurgeskiedenis – hetsy godsdienstig of sekulêr – wat by Jesaja kan kers vashou, en dit ten spyte van die feit dat die stemmingsvolle woordspelings en alliterasie van die oorspronklike Hebreeus in die vertaalproses verlore gegaan het.

Met die woorde van hierdie profetiese boek het ons reeds kennis gemaak – woorde wat veelseggend, digterlik, kragtig en emosiebelaaie is. Weet ons egter wie Jesaja as mens was? Weet ons iets van die wêreld waarin hy geskryf, gebid en geprofeteer het? In daardie tyd het die Assiriese Ryk – wat met 'n ystervuis ingepalm en geregeer het – die hoogtepunt van sy mag begin bereik. So dit was 'n tydperk van wanhoop, aangesien die dood alom gedreig het. Dit was ook nie die enigste tragedie nie. Boonop het die Judeërs – God se uitverkore volk – al hoe meer in sedeloosheid verval. Oral waar 'n mens gekyk het, is jy deur die skrilte kontras tussen hebsug en ellende begroet. Dit was 'n gespook: vir party, om welvaart; vir ander, bloot om oorlewing. So het party mense hulle dan oorgegee aan die euforiese hersenskimme van stofflike vooruitgang terwyl ander in wanhoop gekrepeer het. Deur die profetiese woord probeer Jesaja egter om die volk se verbondsidentiteit te behou. So rig hy dan sy woorde aan 'n oorblyfsel ten einde die Judeërs tot hul sinne te bring en ook daar te hou. Die ware stand van sake, dié moes hulle eenvoudig aanskou. So doen die profeet dus 'n beroep op die volk om die oog op God – húl God – gevestig te hou. Wat hy sê, is: verootmoedig julle voor die Heilige van Israel, Die Skepper van hemel en aarde; die een wat elkeen by die naam ken en wat belooft om julle van die verdoemenis te red, maar slegs as julle ag slaan op sy wêreld en aan God gehoorsaam is.

Jesaja het selfs konings met raad bedien. Toe die toekoms van God se Judese oorblyfselkinderen aan 'n draadjie gehang het omdat hulle in 'n enkele stad vasgekeer was, 'n stad wat op die punt was om deur 'n Assiriese oormag beleër te word, was dit Jesaja se profetiese woorde wat koning Hiskia die moed gegee het om te wag op 'n wonderwerk – 'n wonderwerk wat Jerusalem se enigste uitkoms was (*Jesaja 36 en 37*). Die Assiriërs van ouds het natuurlik 'n verstrooiingsbeleid gevolg – m.a.w. verower 'n nasie en verstrooi hulle. So as Jerusalem in daardie stadium deur die Assiriërs verower is, in plaas van 'n eeu later deur die Babiloniërs soos dit uiteindelik die geval was, sou die Assiriërs waarskynlik die Judese identiteit totaal verwoes het. Dan sou daar geen Joodse volk, en gevolglik ook geen Messias as Verlosser vir die wêreld kon gewees het nie.

In hierdie kwartaal val die soeklig op Jesaja – op sy woorde, op sy tydperk, op die verknorsings waarin hy hom bevind het; maar grotendeels op die God wat hy aanbid het, dieselfde God wat toe en ook nou na ons roep en sê: “Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!” (*Jes. 43:1, OAB*).

Dr. Roy Garne, 'n hoogleraar in Klassieke Hebreeus is ook 'n lektor in die Ou-Testamentiese Studies in die Sewendedag-Adventiste Teologiese Fakulteit by Andrews-universiteit te Berrien Springs, in die Amerikaanse staat van Michigan.